NOK VERSKAF KAPITAAL VIR SEB-KONSORTIUMTRANSAKSIE MET CAPITEC BANK

Vir onmiddellike uitreiking **Donderdag 22 Februarie 2007**

BEGIN

Die Nywerheids Ontwikkelings Korporasie van Suid-Afrika Beperk (NOK) en Capitec Bank Beherend (Capitec) het vandag die finalisering van die finansiering van 'n swart ekonomiese bemagtigingstransaksie ter waarde van R285 miljoen aangekondig. Hierdie ooreenkoms stel die konsortium in staat om die transaksie met Capitec aan te gaan ten opsigte waarvan die bank 10 miljoen aandele teen R30 per aandeel aan die konsortium uitgereik het.

Katinka Schumann-Bester, die NOK se uitvoerende vise-president van Dienste, sê: “Een van die NOK se sleutelstrategieë is om geleenthede te identifiseer en te ondersteun waaraan die mark nog nie aandag geskenk het nie. Capitec Bank maak bankdienste bekostigbaar en toeganklik vir 'n groot deel van die bevolking. 'n Bankrekening maak dit vir jou moontlik om jou persoonlike geldsake beter te bestuur. Saam met toegang tot finansiering is dit 'n beginpunt vir volhoubare ekonomiese groei in Suid-Afrika.”

"Die NOK het die unieke sakemodel geëvalueer wat die onderbou van Capitec Bank se bedrywighede vorm. Ons voel gemaklik daarmee dat die finansiering van hierdie SEB-transaksie die lewering van bekostigbare en toeganklike bankdienste aan 'n groter mark sal ondersteun deur die kapitaal te ontsluit wat Capitec Bank nodig het vir die uitbreiding van sy infrastruktuur."

Volgens Kugan Thaver, hoof van die NOK se eenheid vir vervoer, finansiële dienste en ander strategiese besigheid: "Hierdie transaksie weerspieël die vertroue wat die NOK in Capitec Bank se bankmodel plaas en in hul vermoë om bekostigbare en toeganklike bankdienste aan Suid-Afrikaners te bied. Al drie partye – die NOK, Capitec Bank en die SEB-konsortium – het hulself tot die ekonomiese bemagtiging van die Suid-Afrikaanse bevolking verbind, vandaar die NOK se natuurlike gepastheid as 'n finansieringsvennoot in hierdie transaksie."

Riaan Stassen, Capitec Bank se uitvoerende hoof, het gesê: “Ons sal die opbrengs van die aandele-uitgifte benut om die uitbreiding van die bank se infrastruktuur in 2007 uit te bou. Ons wil ons teenwoordigheid versterk deur meer takke te open en ons produkaanbod te vergroot.”

“Hierdie ooreenkoms versterk die swart ekonomiese bemagtigingsaandeelhouding van die groep tot 16% en verhoog voldoening aan die Finansiële Sektor se Handves en die Departement van Handel en Nywerheid se Goeie Praktykkodes oor swart ekonomiese bemagtiging ("die Kodes")."

Die breëbasis SEB-konsortium, aan wie 10 miljoen aandele uitgereik is, word deur Litha Nyhonyha van Regiments Capital gelei en deur Blessing Rugara, besturende direkteur van Circle Capital Global, geadviseer. Die konsortium bestaan uit swart maatskappye en trusts wat verteenwoordig

word deur vooraanstaande sakelui, individue en Capitec Bank se Aandelebemagtigingstrust, wat 5% van die konsortium besit.

Die aandele-uitgifte gee aan die konsortium 'n belang van 12.21% in Capitec. Die konsortium sal sy belang in Capitec bestuur deur 'n private maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is. Hierdie maatskappy voldoen aan die definisies van die Kodes. Die NOK se finansiering beloop R285 miljoen of 95% van die prys wat befonds word deur 'n voorkeuraandeelooreenkoms met hierdie maatskappy. Capitec verskaf geen sekuriteit vir die aflossing van hierdie voorkeuraandele nie.

“Ons is baie opgewonde daaroor om by die Capitec-familie aan te sluit. Ons as konsortium bring 'n grondige begrip van die mark na die tafel. Dit sal die kreatiewe benadering wat Capitec tot dusver aan die dag gelê het versterk en verder voer. Die deelname van die NOK is 'n verdere bewys van hul gereedheid om ontwikkeling te verdiep, die toetrede van nuwe deelnemers tot die finansiële dienstesektor te fasiliteer en om geleenthede vir werkskepping uit te brei," sê Nyhonyha.

Stassen sê dit is belangrik dat sy werknemers mede-eienaars van die maatskappy word. Deelname in die korsortium, saam met die aansporingskema wat die bank aan sy werknemers bied om aandele in die maatskappy te bekom, sal bydra tot die bereiking hiervan.

Stassen het afgesluit deur te sê: “Ons is bly dat hierdie transaksie gefinaliseer is en dat hierdie vennootskap gevestig is. Ons glo hierdie vennootskap met die SEB-konsortium bied nie net finansiële hulpbronne aan ons nie, maar ook die geleentheid om hul uitgebreide sakeverhoudings tot ons voordeel benut."

EINDE

Gesamentlik uitgereik deur Capitec Bank en die NOK

Yolandé van Rensburg
Hoof: Kommunikasie en Openbare Betrekkinge
Capitec Bank
Telefoon: 021 809 5998
Selfoon: 072 480 3617
E-pos: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za

Dante Mashile, CPRP
Hoof: Korporatiewe Aangeleenthede
Nywerheidsontwikkelingskorporasie
Telefoon: 011 269 3891
Faks: 011 269 3894
Selfoon: 083 643 1859
E-pos: dantem@idc.co.za

Litha Nynhonyha
Uitvoerende voorsitter
Regiments Capital
Telefoon: 011 684 2011
Selfoon: 082 554 1605
E-pos: lithan@regiment.co.za